**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 416

CAPE TOWN, 3 FEBRUARY 2000

KAAPSTAD, 3 FEBRUARIE 2000

No. 20854


OFFICE OF THE PRESIDENCY

No. 97. 3 February 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 5 of 2000: Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENSIE

No. 97. 3 Februarie 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 5 van 2000: Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 2 February 2000.)*

# ACT

**To give effect to section 217(3) of the Constitution by providing a framework for the implementation of the procurement policy contemplated in section 217(2) of the Constitution; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "acceptable tender" means any tender which, in all respects, complies with the specifications and conditions of tender as set out in the tender document; (i)

(ii) "Minister" means the Minister of Finance; (iii)

(iii) "organ of state" means—

*(a)* a national or provincial department as defined in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

*(b)* a municipality as contemplated in the Constitution;

*(c)* a constitutional institution defined in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

*(d)* Parliament;

*(e)* a provincial legislature;

*(f)* any other institution or category of institutions included in the definition of "organ of state" in section 239 of the Constitution and recognised by the Minister by notice in the *Government Gazette* as an institution or category of institutions to which this Act applies; (iv)

(iv) "preferential procurement policy" means a procurement policy contemplated in section 217(2) of the Constitution; (vi)

(v) "prescribed" means prescribed by regulation made under section 5; (v)

(vi) "this Act" includes any regulations made under section 5. (ii)

**Framework for implementation of preferential procurement policy**

**2.** (1) An organ of state must determine its preferential procurement policy and implement it within the following framework:

*(a)* A preference point system must be followed;

*(b)* (i) for contracts with a Rand value above a prescribed amount a maximum of 10 points may be allocated for specific goals as contemplated in paragraph *(d)* provided that the lowest acceptable tender scores 90 points for price;

(ii) for contracts with a Rand value equal to or below a prescribed amount a maximum of 20 points may be allocated for specific goals as contemplated in paragraph *(d)* provided that the lowest acceptable tender scores 80 points for price;

*(c)* any other acceptable tenders which are higher in price must score fewer

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 2 Februarie 2000.)*

# WET

**Om gevolg te gee aan artikel 217(3) van die Grondwet deur voorsiening te maak vir 'n raamwerk vir die toepassing van die verkrygingsbeleid in artikel 217(2) van die Grondwet beoog; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aanvaarbare tender" 'n tender wat in alle opsigte aan die spesifikasies en voorwaardes van tender soos in die tenderdokument uiteengesit, voldoen; (i)

(ii) "hierdie Wet" ook enige regulasies kragtens artikel 5 uitgevaardig; (vi)

(iii) "Minister" die Minister van Finansies; (ii)

(iv) "staatsorgaan"—

*(a)* 'n nasionale of provinsiale departement soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

*(b)* 'n munisipaliteit soos beoog in die Grondwet;

*(c)* 'n grondwetlike instelling soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

*(d)* die Parlement;

*(e)* 'n provinsiale wetgewer;

*(f)* enige ander instelling of kategorie instellings wat by die omskrywing van "staatsorgaan" in artikel 239 van die Grondwet ingesluit is en wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* as 'n instelling of kategorie instellings waarop hierdie Wet van toepassing is, erken word; (iii)

(v) "voorgeskryf" voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 5 uitgevaardig; (v)

(vi) "voorkeurverkrygingsbeleid" 'n verkrygingsbeleid in artikel 217(2) van die Grondwet beoog. (iv)

**Raamwerk vir toepassing van voorkeurverkrygingsbeleid**

**2.** (1) 'n Staatsorgaan moet sy voorkeurverkrygingsbeleid bepaal en dit binne die volgende raamwerk toepas:

*(a)* 'n Voorkeurpuntestelsel moet gevolg word;

*(b)* (i) vir kontrakte met 'n Randwaarde hoër as 'n voorgeskrewe bedrag kan 10 punte toegeken word vir bepaalde doelwitte soos beoog in paragraaf *(d)* mits 90 punte vir prys aan die laagste aanvaarbare tender toegeken word;

(ii) vir kontrakte met 'n Randwaarde gelyk aan of laer as 'n voorgeskrewe bedrag kan 20 punte toegeken word vir bepaalde doelwitte soos beoog in paragraaf *(d)* mits 80 punte vir prys aan die laagste aanvaarbare tender toegeken word;

*(c)* enige ander aanvaarbare tenders waarvan die prys hoër is, tel op 'n *pro rata*-grondslag minder punte, bereken op hulle tenderpryse in verhouding tot

points, on a *pro rata* basis, calculated on their tender prices in relation to the lowest acceptable tender, in accordance with a prescribed formula;

*(d)* the specific goals may include—
  (i) contracting with persons, or categories of persons, historically disadvantaged by unfair discrimination on the basis of race, gender or disability;
  (ii) implementing the programmes of the Reconstruction and Development Programme as published in *Government Gazette* No. 16085 dated 23 November 1994;

*(e)* any specific goal for which a point may be awarded, must be clearly specified in the invitation to submit a tender;

*(f)* the contract must be awarded to the tenderer who scores the highest points, unless objective criteria in addition to those contemplated in paragraphs *(d)* and *(e)* justify the award to another tenderer; and

*(g)* any contract awarded on account of false information furnished by the tenderer in order to secure preference in terms of this Act, may be cancelled at the sole discretion of the organ of state without prejudice to any other remedies the organ of state may have.

(2) Any goals contemplated in subsection 1*(e)* must be measurable, quantifiable and monitored for compliance.

**Exemption**

**3.** The Minister may, on request, exempt an organ of state from any or all the provisions of this Act if—

*(a)* it is in the interests of national security;

*(b)* the likely tenderers are international suppliers; or

*(c)* it is in the public interest.

**Transitional provision**

**4.** Any procurement process implemented under a preferential procurement policy where the invitation to tender was advertised before the commencement of this Act, must be finalised as if this Act had not come into operation.

**Regulations**

**5.** (1) The Minister may make regulations regarding any matter that may be necessary or expedient to prescribe in order to achieve the objects of this Act.

(2) Draft regulations must be published for public comment in the *Government Gazette* and every *Provincial Gazette* before promulgation.

**Short title**

**6.** This Act is called the Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000.

die laagste aanvaarbare tender, in ooreenstemming met 'n voorgeskrewe formule;

*(d)* die bepaalde doelwitte kan—

(i) kontraktering met persone, of kategorieë persone, wat in die verlede deur onbillike diskriminasie benadeel is op grond van ras, geslag of gestremdheid insluit;

(ii) toepassing van die programme van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 16085 gedateer 23 November 1994 insluit;

*(e)* die uitnodiging om te tender moet enige bepaalde doelwit waarvoor 'n punt toegeken kan word duidelik vermeld;

*(f)* die kontrak moet toegeken word aan die tenderaar wat die hoogste punte behaal, tensy objektiewe maatstawwe bykomend tot dié in paragrawe *(d)* en *(e)* beoog die toekenning aan 'n ander tenderaar regverdig; en

*(g)* 'n kontrak wat op grond van valse inligting wat deur die tenderaar verskaf is om voorkeur ingevolge hierdie Wet te verkry, toegeken is, kan na willekeur deur die staatsorgaan gekanselleer word sonder benadeling van enige ander regsmiddels wat die staatsorgaan het.

(2) Enige doelwitte beoog in subartikel 1*(e)* moet meetbaar en kwantifiseerbaar wees, en vir nakoming gemoniteer word.

**Vrystelling**

**3.** Die Minister kan op versoek 'n staatsorgaan van enige bepaling of al die bepalings van hierdie Wet vrystel indien—

*(a)* dit in die belang van nasionale veiligheid is;

*(b)* die waarskynlike tenderaars internasionale verskaffers is; of

*(c)* dit in die openbare belang is.

**Oorgangsbepaling**

**4.** Enige verkrygingsproses wat kragtens 'n voorkeurverkrygingsbeleid toegepas is en waarvan die uitnodiging om te tender voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geadverteer was, moet afgehandel word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie.

**Regulasies**

**5.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die doelwitte van hierdie Wet te bereik.

(2) Konsepregulasies moet voor promulgering in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant* vir openbare kommentaar gepubliseer word.

**Kort titel**

**6.** Hierdie Wet heet die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—10000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—10000